GEDRAGSKODE VAN LAERSKOOL IMPALA (Hersien Oktober 2014)

1. INLEIDING

Laerskool Impala stel die Christelike opvoeding en selfstandige ontwikkeling van die leerling as eerste belang. Die leerling moet binne die raamwerk van Christelike aanvaarbare waardes en norme **gelei word om selfstandige en verantwoordelik besluite te neem.** Die skool en ouergemeenskap staan in ‘n verantwoordelike venootskap om hieraan gestalte te verleen.

Dissipline is ‘n onwegdenkbare én onweghandelbare **kernbestandeel** van ‘n **geordende gemeenskapslewe.** By Laerskool Impala word hierdie wesenskenmerk ook erken. Die skool is die mening toegedaan dat dissipline ‘n middel is om die skoolgemeenskapslewe te orden in ‘n omgewing van saamlewe en omgee, waarin die kind geborge en veilig kan voel. ‘n Geordende omgewing van saamlewe en omgee, skep vir elke leerling die geleentheid om op akademiese-, kultuur-, sport- en leierskapgebied tot sy/haar volle potensiaal te kan ontwikkel en presteer. Die onderwysgemeenskap glo dat elke leerling die onvervreembare reg op toegang tot uitnemende onderwysgeleenthede moet hê en dat enige struikelblokke, in die opvoedings- en onderwyssituasie wat hom/haar mag benadeel, verwyder moet word.

Laerskool Impala wil graag toesien dat elke leerling ‘n sterk pligsbesef sal ontwikkel, wat uiteindelik ook in die optimale ontwikkeling en benutting van sy/haar Godgegewe talente sal vergestalt. Dit is Laerskool Impala se uitnemende doelwit om, in samewerking met sy ouergemeenskap, daardie Christelike waardes en norme wat vir beide partye ononderhandelbaar, onverhandelbaar en ondebateerbaar belangrik is, by elke leerling te laat vergestalt.

Laerskool Impala huldig die mening dat daar, aan die hand van baie duidelike dissiplinêre riglyne, soos vervat in ‘n gedragskode, aan die leerling leiding gegee sal word om tot verantwoordelikheidsaanvaarding te kom. Laerskool Impala **gee om vir elke leerling**, en daarom moet die gedragskode voorsiening maak vir ‘n stelsel wat daarop gerig is om, deur **goeie en gereelde kommunikasie, die ouer in te lig oor die wyse waarop sy/haar kind die gedragskode beleef en dit aanvaar**. Die kommunikasie moet daarop gemik wees om aan die ouer inligting te verskaf aangaande kleiner oortredings, sonder om die leerling se menswaardigheid aan te tas.

<u>Belangrik:</u>
Daar moet ‘n **duidelike onderskeid** gemaak word tussen die **kleiner oortredings** wat met **“Ons gee om”** skrywes aan die ouer/voog gekommunikeer word, en oortredings van **ernstige wangedrag** (Skedule1 en 2) oortredings.

2. WETGEWENDE RAAMWERK.

Skooldissipline moet binne die wetlike raamwerk en voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Skolewet gehandhaaf word. Die volgende wetgewing is **bindend en bepalend** vir die raamwerk waarbinne die dissiplinêre gedragskode van die skool opgestel word en toegepas moet word. Die volgende wetgewing bepaal die genoemde raamwerk waarbinne die dissiplinêre gedragskode funksioneer:

2.1. Suid-Afrikaanse Skolewet,(Wet nr 84 van1996) soos gewysig deur die Onderwyswysigingswet,2005.(SASA)

2.2. Die Regulasie vir Wangedrag van Leerders by Publieke Skole en Dissiplinêre Verrigtinge,2001 (Algemene Kennisgewing 2591 van 2001)

2.3. Die Promosie en Administratiewe Geregtigheidswet(Wet nr 3 van 2000)

2.4. Die Promosie en Toegang tot Inligtingswet(Wet nr 2 van 2000)

2.5. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika(Wet nr 108 van 1996)

3. OPSKORTING VAN ‘N LEERLING VIR ERNSTIGE WANGEDRAG.

Histories gesproke het die leerling, wat skuldig was aan ernstige wangedrag, lyfstraf ontvang van die skool, ouer/voog of selfs beide partye. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet nr 84 van 1996) soos gewysig deur die Onderwyswysigingswet,2005.(SASA), in ooreenstemming met die Handves van Menseregte, **verbied alle vorme van lyfstraf**.

Ernstige wangedrag word geformuleer as **Skedule 1 en Skedule 2** oortredings.

3.1. Volgens artikel 9(1) van SASA mag ‘n Skoolbeheerliggaam, op redelike gronde en as voorsorgmaatreël, ‘n leerling skors* wie vermoed word aan ernstige wangedrag by die skool skuldig mag wees, maar mag slegs ‘n skorsing* oplê nadat die leerling ‘n redelike geleentheid gegun was om ‘n verweer te maak met betrekking tot die skorsing*. ‘n Skorsing* van 7(sewe) skooldae kan onmiddelik in werking tree, sou daar genoegsame vermoede bestaan, dat dit tot voordeel en in die veiligheidsbelang van die skoolgemeenskap is.

3.2 Indien ‘n leerling geskors* is, moet die Skoolbeheerliggaam sy dissiplinêre verrigtinge binne 7(sewe) skooldae vanaf die skorsing* laat plaasvind. Indien die Beheerliggaam versuim om die verhoorverrigtinge binne 7(sewe) skooldae te laat plaasvind, moet daar goedkeuring van die HOD by die GDO-hoofkantoor in Commisionerstraat Jhb. verkry word, vir uitstel van verhoor.

3.3. Volgens Artikel 9(91c) van SASA mag die Skoolbeheerliggaam, na ‘n regverdige verhoor, ‘n leerling skors* van skoolbywoning as ‘n strafmaatreël vir ‘n tydperk van nie langer as 7(sewe) skooldae nie.

3.4. Volgens artikel 9(91c) van SASA mag die Skoolbeheerliggaam ‘n leerling skors* van skoolbywoning vir ‘n tydperk nie langer as 14(veertien) skooldae, hangende die goedkeuring vanaf die HOD by die GDO-hoofkantoor in Commisionerst Jhb.

- ** (**“Skors of skorsing”** in hierdié konteks beteken **“opskorting van skoolbywoning”** vir die tydperk soos aangedui)*

4. PROSEDURE VIR DIE AANHOOR VAN ERNSTIGE WANGEDRAG IN PUBLIEKE SKOLE.

Regulasie 5, van die Algemene Kennisgewing 2591 van 2001, spel die prosedure van die aanhoor van ernstige wangedrag uit. Dit dui die stappe aan wat gevolg moet word, om sodoende ‘n regverdige en deursigtige verhoor te verseker.

Dit is baie belangrik dat die beginsels van **regverdigheid** tydens die verhoor toegepas sal word. Die beginsel van regverdigheid vereis dat die beskuldigde persoon die bewerings, wat teen hom/haar gemaak word, moet verstaan, en ‘n regverdige geleentheid gegun moet word om op dié bewerings te reageer.

Regulasie 5 voorsien ook dat daar geleentheid sal wees vir die beskuldigde persoon om die persoon, wat die beskuldigende aantuigings maak, onder kruisverhoor te neem.

Die beskuldigde persoon het die reg tot regsverteenwoordiging.

Die bewyse voor die Dissiplinêre Komitee moet regverdig oorweeg word, en die omstandighede van die beskuldigde moet as **versagtende faktore (bv eerste oortreding)** oorweeg word.

Geen diskriminasie op grond van ras, geslag of godsdiens moet geduld word nie.

Die skriftelike **kennisgewing** van die dissiplinêre **verhoor**, aan die leerling en sy ouers, moet ‘n volledige uiteensetting van die aanklag bevat, en ook die leerling se regte ten opsigte van regsverteenwoordiging en kruisondervraging.

Die skriftelike **kennisgewing**, ten opsigte van die **uitslag** van die verhoor, moet melding maak van die appélprosedure.

5. SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE PROSEDURE VIR DIE AANHOOR VAN ERNSTIGE WANGEDRAG IN PUBLIEKE SKOLE.

(Sien aanhangsel A – 2 bladsye)

6. SKEDULE 1 OORTREDINGS.

Skedule 1 oortredings mag lei tot **tydelike skorsing van 7(sewe) of 14(veertien) dae**.

'n Leerling is skuldig aan ernstige wangedrag indien hy/sy doelbewus en sonder regmatigheid die volgende oortredings begaan het:

a) 'n Derde aanklag van ernstige bedreiging en ontwrigting van die leer en onderrig in die onderrigsituasie. (Onderrig behels alle aktiwiteite wat ook sport en kultuur insluit.
b) Sameswering met ander partye om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig. (saamsweer om 'n personeellid te teiken)
c) Gedrag teenoor mede leerlinge/personeel wat vernederende van aard is. (bv rassistiese opmerkings)
d) In die besit van toets/eksamen materiaal, of verspreiding van sodanige materiaal, wat 'n leerling of leerlinge onregverdig kan bevoordeel.
e) Oneerlike gedrag in 'n toets, eksamen of assesseringstaak wat kan lei tot onregverdige bevoordeling.
f) Deelname aan publieke onsedelikheid.
g) Seksuele teistering.
h) In besit van of die verspreiding van pornografiese materiaal.
i) Onder die invloed van of die verspreiding van alkoholiese drank.

7. SKEDULE 2 OORTREDINGS.

Skedule 2 oortredings mag lei tot **permanente skorsing.**

'n Leerling is skuldig aan ernstige wangedrag indien hy/sy doelbewus en sonder regmatigheid die volgende oortredings begaan het:

a) Indien hy/sy vir 'n derde keer skuldig bevind word aan dieselfde Skedule 1 oortreding waaraan hy/sy reeds by 2(twee) vorige geleenthede skuldig bevind is.
b) Indien hy/sy weier om gehoor te gee aan die uitvoering van strafmaatreëls of korrektiewe optrede wat voortgespruit het uit 'n Skedule 1 verhoor.
c) Indien hy/sy doelbewus en onregmatig die volgende oortredings begaan het:
   i) vervalsing van dokumente of handtekeninge wat die funksionering van aktiwiteite by die skool mag benadeel. (vervals ouer handtekening op toets)
   ii) handeldryf in toets- of eksamenvraestelle of enige ander toets- of eksamenmateriaal
   iii) poging of pogings om persone om te koop om toets- of eksamen materiaal te

bekom en sodoende onregverdige voordeel daaruit te behaal
iv) betrokke by enige vorm van bedrog
v) deelname aan diefstal of enige ander oneerlike optrede wat ‘n ander persoon materiële skade kan berokken
vi) in besit van, die gebruik van of handel met, enige middel wat onwettig of skadelik vir die mens is.
vii) in besit van, gebruik van of uitruil of handel in narkotiese of ongemagtigde medisyne/dwelms
viii) in besit van ‘n gevaarlike wapen (bv mes, vuurwapen)
ix) aanranding of dreiging tot aanranding met die doel om te beseer
x) persoon as gyselaar aanhou
xi) moord
xii) verkragting of deelname aan seksuele aktiwiteite wat ‘n oortreding van die wet is. (bv seksuele omgang tussen minderjariges of met ‘n minderjarige)
xiii) beskadiging van skool of privaat eiendom (vaste eiendom soos geboue en roerende eiendom soos voertuie, meubels, ens)

8. DIE “ONS GEE OM” STELSEL

Soos reeds in die inleiding vermeld streef Laerskool Impala in die Gedragskode na **gereëlde en positiewe kommunikasie** met die ouer/voog om hulle dus ingelig te hou aangaande die kind se handel en wandel by die skool.

Die Onderwyskorps en Ouers van Laerskool Impala staan in **vennootskap om die kind te lei tot verantwoordelike optrede ten opsigte van sy/haar skoolwerk en gedrag** by die skool. Dit is dus belangrik om die ouer in te lig wanneer die kind bv. nie huiswerk gedoen het nie of ontwrigtende gedrag openbaar. Dit gee die Ouer/Voog die geleentheid om tydig op te tree om die herhaling van die optrede te voorkom.

Pligversuim word nie “onmiddelik” in die “Ons-gee-om” boek aangeteken nie, maar word direk met die ouer gekommunikeer in die huiswerkboek. Daar is ‘n afsonderlike afdeling in die huiswerkboek vir elke vak waar die personeellede afsonderlik vir sy/haar vak die inskrywings maak. Die personeellid gaan ook die aantal inskrywings in die huiswerkboek op ‘n klaslys aanteken vir sy/haar eie rekordering, sou die leerling se huiswerkboek wegraak.

Leerlinge wat versuim om huiswerk te doen se ouers kry die middag na skool ‘n SMS wat hulle inlig dat hul kind die volgende middag detensieklas sit vir ‘n uur lank. (60 minute) Leerlinge wat op Donderdae en Vrydae huiswerk pligversuim het, moet op die Maandag in die detensieklas aanmeld.

Die personeellid gaan eers wanneer die vyfde pligversuim inskrywing in die huiswerkboek gemaak word, die “eerste inskrywing in die “Ons-gee-om” maak. Die prosedure word herhaal met elke vyf inskrywings in ‘n vak. Dit word in geheel **afsonderlik** vir elke vak toegepas.

BELANGRIK: Alle gedragsoortredings word soos in die verlede dadelik in die "Ons-gee-om" boek aangeteken.

Die **"Ons gee om"** inligting word op 'n twee-weeklikse basis na die ouerhuis gestuur. **Die "Ons gee om"-skrywes is nie 'n strafmaatreël of punte wat die kind verloor nie**, **maar kommunikasie met die Ouer/Voog omdat ons omgee.** Dié "Ons gee om"- skrywes moet ook nie as kritiek gesien word nie maar as 'n aanduiding dat ons die ouer se samewerking en ondersteuning nodig he tom die kind te help.

Die volgende punte is van belang:

8.1. Nuwe "Ons gee om"-skrywes word **elke tweede Maandag** huistoe gestuur vir die Ouer/Voog se kennisname. Die skrywe word deur die ouer onderteken en teruggestuur. **Navrae** word na die betrokke personeel verwys.

8.2. Skrywes wat nie teruggestuur word nie, word op die daaropvolgende Donderdag met 'n **SMS** opgevolg om te kontroleer of die ouer dit ontvang het.

8.3. Wanneer 'n leerling **2 "Ons gee om" skrywes** ontvang het, word hy/sy deur die bestuur van die skool ingeroep en aangespreek. Hulpverlening behels onder meer hersieningsklas vir 5(vyf) skooldae en weerhouding van sosiale aktiwiteite vir 1(een) kalendermaand wat nie skoolvakansiedae insluit nie.

8.4. Wanneer 'n leerling **4 "Ons gee om" skrywes** ontvang het, word die leerling en sy ouers deur 'n komitee, bestaande uit die skoolbestuur en personeel wat die leerling onderrig, ingeroep en word die probleem aangespreek. Hulpverlenings-maatreëls behels onder meer hersieningsklas vir 10(tien) skooldae en weerhouding van sosiale aktiwiteite vir 2(twee) kalendermaande wat nie skoolvakansiedae insluit nie.

8.5. Leerlinge kan ook, na gelang van die omstandighede, na **sielkundiges of maatskaplike beraders** verwys word as deel van die **hulpverlening wat gedoen word**.

8.6. Die proses, soos beskryf in par. 8.3 en 8.4, is nie verhore nie, maar hulpverlening en moet beslis nie in dieselfde lig beskou word as 'n Beheerliggaamverhoor nie. Beheerliggaamverhore is slegs vir Skedule 1 en Skedule 2 oortredings van ernstige wangedrag wat op die leerling se profiel aangeteken word.

9. LEIERSKAP.

Leiers handhaaf 'n hoë profiel by 'n skool en moet vir die mede leerlinge 'n navolgenswaardige voorbeeld stel. Leiers op laerskool is nog kinders en moet daarom dienooreenkomstig die nodige leiding, van die Onderwyskorps en die Ouers/Voogde, ontvang. Leerlingraadslede, en leiers in die algemeen, word **"strenger hanteer" met betrekking tot die toepassing van die Gedragskode van Laerskool Impala.**

Die volgende riglyne is van toepassing op die Leerlingraad en ander leiersposisies:

a) Leiers word na **1 "Ons gee om"** inskrywings deur die Leiervoogde ingeroep om die nodige leiding te ontvang. Die ouers word skriftelik ingelig.
b) Leiers word na **2 "Ons gee om"** inskrywings deur die Bestuur van die skool ingeroep om die nodige leiding te ontvang. Die ouers word skriftelik ingelig. Die leier word vir 7(sewe) skooldae **onthef** van sy/haar pligte.
c) Leiers word na **3 "Ons gee om"** inskrywings deur die Beheerliggaamskomitee ingeroep om die nodige leiding te ontvang. Die leier word vir 14(veertien) skooldae **onthef** van sy/haar pligte.
d) Leiers wat **4 of meer "Ons gee om"** inskrywings ontvang het, se probleme moet met erns aangespreek en behandel word. Die leier word onbepaald van sy/haar pligte onthef. Die pligte kan hervat word na ontvangs van 'n profesionele verslag van die berader wat dit goedkeur.
e) Leiers wat skuldig bevind word aan Skedule 1 of Skedule 2 oortredings word na skuldigbevinding in geheel onthef weens die erns van die saak.
f) In die bogenoemde scenario, d) en e), word **sielkundiges of maatskaplike beraders** betrek, om hulp te verleen, na gelang van die omstandighede.

Die volgende riglyne is van toepassing op die verkiesing van leiers:

a) Leerlinge wat **4 of meer "Ons gee om"** inskrywings, vir gedrag en pligversuim gesamentlik, ontvang het, word nie in berekening gebring wanneer die verkiesing van leiers plaasvind nie.
b) Leerlinge wat **'n Skedule 1 of 'n Skedule 2 oortreding** begaan het, word nie in berekening gebring wanneer die verkiesing van leiers plaasvind nie.
c) (Verwys na die Leierskapbeleid vir meer besonderhede)

Die volgende riglyne is van toepassing vir toere, leierskampe, Gr. 7 e.a. afskeidsfunksies en sosiale uitstappies.

a) Leerlinge wat **4 of meer "Ons gee om"** inskrywings ontvang het, mag in 'n sekere tydperk, soos deur die skoolbestuur bepaal, nie aan bogenoemde uitstappies deelneem nie.
b) Die Dissiplinêre komitee mag hierdie riglyn as 'n strafmaatreël gebruik vir leerlinge wat skuldig bevind is aan 'n **Skedule 1 of Skedule 2 oortreding**.
c) Graad 7 leerlinge, wat skuldig bevind word aan 'n **Skedule 1 of Skedule 2** oortreding, mag nie die **Graad 7 afskeid** bywoon nie.

10. PROSEDURE OM PUNTE VIR POSITIEWE, OPBOUENDE GEDRAG TE VERDIEN.

Daar is twee wyses waarop ‘n leerling punte vir positiewe, opbouende gedrag kan Verdien, naamlik deur middle van (a) diensbeurte en (b) akademiese verwante verdienste(-s).

a. Diensbeurte.

Leerlinge kan na aanleiding van personeel se aanbod positief reageer en hulle self vrywillig (d.w.s. sonder enige verpligting) aanmeld om diens te lewer. Sodoende kan hulle deur middel van dienslewering positiewe punte versamel. Hierdie dienslewering geskied oor die ganse spektrum van aktiwiteite wat by die skool aangebied word, en sluit die volgende in:

- ☻ Voorbereiding van sportvelde, sportbyeenkomste en opruiming na sportbyeenkomste.
- ☻ Kultuurgeleenthede
- ☻ Skoolterrein skoonmaak
- ☻ Klasopruiming – (afstof en uitvee)

Die norm is 5(vyf) punte vir elke aktiwiteit wat bevredigende uitgevoer is. Die dienslewering moet ten minste 1(een) uur in beslag geneem het om 5(vyf) punte te verdien.

Dieselfde geld vir hulp en dienslewering aan groepe / onderwysers / maats ens. Vrywillige, ongevraagde hulp met opruiming na afloop van aktiwiteite sou byvoorbeeld hier van toepassing wees.

b. Akademies verwante verdienste(-s).

1. Intersenfase

Vir die volgende akademiese vordering ontvang die leerlinge **5(vyf)** kredietpunte:

- ☻ **+5%** verbetering per leerarea, aan die einde van die eerste, tweede en derde kwartaal. Die **leerareaonderwyser** teken die kredietpunte in die **“Ons gee om”** boek aan.
- ☻ Met die lees van **3(drie) boeke per kwartaal** moet die **leerareaonderwysers in Afrikaans en Engels** die nodige kredietpunte in die **“Ons gee om”** boek aanteken.
- ☻ Leerlinge wat aan die einde van die kwartaal op die **Top tien in die graad** is. Die **DPS** stuur die naamlys vir die Voogonderwyser(es) van elke klas om dit in die **“Ons gee om “** boek aan te teken.

2. Grondslagfase.

Die leerlinge ontvang vir die volgende akademiese vordering **5(vyf)** kredietpunte:

- ☻ Indien ‘n leerling se werk onbesproke en werklik **uitstaande** is, kan ‘n positiewe punt, een per kwartaal, vir elke leerprogram, toegeken word.
- ☻ Indien ‘n leerlinge, byvoorbeeld ‘n **“2” na ‘n “3”** verbeter in die betrokke leerprogram.

‘n Volledige uiteensetting van die kredietpuntestelsel vir die Grondslagfase verskyn op **aanhangsel B**.

c. Beloning aan leerlinge wat op ‘n volgehoue basis kredietpunte verwerf.

Wanneer ‘n leerling die volgende mylpaal bereik het, word daar erkenning verleen:

- ☻ Leerlinge wat **50 kredietpunte** verwerf het, ontvang ‘n **Spogimpie-sertifikaat** tydens ‘n saalopening.
- ☻ Wanneer die leerling **100 kredietpunte** verwerf het, ontvang hy/sy ‘n tweede **Spogimpie-sertifikaat** tydens ‘n saalopening.

Die toekenning word na elke 50 kredietpunte herhaal, m.a.w. weer op 150, 200, ens.

d. Beloning aan leerlinge wat geen debiet-inskrywings ontvang het nie.

Wanneer ‘n leerling, vir ‘n **hele kwartaal** geen debiet-inskrywings ontvang het nie, word die volgende erkenning verleen:

- ☻ Leerling ontvang aan die einde van die betrokke kwartaal **5(vyf)** kredietpunte.

11. SAMEVATTING

Uit bogemelde is dit duidelik dat daardie leerlinge, wie se **gesindheid** jeens die skool èn hulle skoolwerk positief en opbouend is en graag hulle ononderhandelbare reg op toegang tot uitnemende onderwys ten beste wil benut, deur middel van hierdie **gedragskode** beskerm en tegemoetgekom sal word.